

Vroue-toekennings vereer plaaslike vasvatters

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM), Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit (KWDM) en Historium Trust het op Dinsdag, 25 Augustus 2026, die vyfde Fenomenale Vroue-toekennings tydens 'n glansgeleentheid in die Paarl-stadsaal gevier.

Hoewel hul titels en beroepe verskil het, het al die wenner, naaswenner, sprekers en spesiale gaste een kenmerk gedeel: hulle is kragtige individue wat deur hul eie voorbeeld lei en positiewe verandering skep waar hulle ook al dien.

'Bemagtigde vroue bemagtig die nasie' was nie net die tema van die geleentheid nie, maar 'n leuse om toekomstige geslagte met hoop en bemagtiging te vervul en te bewys dat daar geen perke is aan wat vroue kan bereik nie.

Een van die aangrypendste oomblikke van die geleentheid was 'n spesiale huldeblyk aan die gevierde digter Diana Ferrus, wie se blywende bydrae tot die Afrikaanse letterkunde en Suid-Afrikaanse kultuur vereer is deur 'n gedenkitem wat deur 'n familielid, Lanielle Hartzenberg, gelewer is. Die ATM en Historium Trust het toe die eerste Diana Ferrus-toekenning aan Mary Banda (opvoeder en huidige skoolhoof van Klein Nederburg Sekondêre Skool) oorhandig ter erkenning van haar uitstaande bydrae tot die bevordering van Afrikaans.

Die ander wenner was Lorraine du Toit (Basiese Onderwys/Grondslagonderwys), Samantha Kulsen (Bestuur), Gracia Louw (Bevordering van Afrikaans/Veeltaligheid), Anette Barnes-Mangxaba (Entrepreneur), Shani Little (Gestremdhede), Margaretha Andreas (Landbou), Daleen Labuschagne (NRO-/GOW-sektor), Teresa Jonker (Ondersteuning), Jacqueline Abrahams (Passie) asook Leticia Pietersen (Vroeëkindertontwikkeling).

Die naaswenner was Nazlie Schroeder (Basiese Onderwys/Grondslagonderwys), Christolene Brink (Bestuur), Tamryn Paulse (Bevordering van Afrikaans/Veeltaligheid), Ciska Smith (Entrepreneur), Jacky Goliath en Emmerentia Sibiyi (Landbou), Josephine Lakey (NRO-/GOW-sektor), Sanna Witbooi (Ondersteuning),

Danelene Dampies (Passie) asook Christolene Davids (Vroeëkindertontwikkeling).

In reaksie op die belangrikheid van die nasionale mylpale wat in 2026 herdenk is, het ATM-direkteur Michael Jonas gesê: "Terwyl Suid-Afrika 70 jaar sedert die historiese Vroue-optog, 50 jaar sedert die Soweto-opstande en 30 jaar van ons Grondwet herdenk, eer ons die vroue van die Kaapse Wynlande wat steeds die veerkragtigheid, moed en vasberadenheid beliggaam wat ons nasie se reis na gelykheid, menseregte en gemeenskapsontwikkeling gevorm het."

Gaste is geïnspireer deur die gassprekers ambassadeur Ruby Marks en advokaat Shirlynn Smith. Marks het vroue aangemoedig om gewortel te bly aan hul erfenis, familie, kultuur en tradisies, en hulle



hulle herinner aan die belangrikheid daarvan om te onthou "waar ons naelstring begrawe is", terwyl Smith die deelnemers geïnspireer het met 'n boodskap van hoop en deurstellingsvermoë.

Sy het beklemtoon dat "iemand anders se 'nog nie' nie vir jou beteken 'n ooit' nie" en vroue aanmoedig om voort te gaan met die nastreef van hul doelwitte ten spyte van uitdagings en terugslae.

Die kunstenaars van die township-aandteater Amazink het gemoedere gelig met hul energieke tromme en sang, terwyl Vicky Brink se roerende vokale optrede baie gaste sigbaar diep geraak het.

In haar hoofrede het die burgemeester, raadslid Elna van Schlicht, besin oor die belangrikheid van die geleentheid namate haar tienjaartermyn tot 'n einde kom. "Ek het die vrou ontmoet wat stilweg die gewig van hul families dra, wat besighede lei, ons kinders opvoed, vir die kwesbares sorg, die grond bewerk, vrywilligerswerk in hul gemeenskappe doen en dien sonder om ooit erkenning te soek. Keer op keer is ek daaraan herinner dat die grootste leiers dikwels diegene is wie se invloed nie aan titels gemeet word nie, maar aan die lewens wat hulle verander."

Die burgemeester se diskresionêre toekenning is toegeken aan Francis Nieuwoudt, hoofbestuurder van die Drakensteinse Sakekamer, vir haar uitsonderlike leierskap in die ekonomiese sektor en haar toewyding om geleenthede te skep wat vroue in die sakewêreld bemagtig, onderskraag en bevorder.



Afrikaanse druktradisie, van toeka tot toekoms

Sien 'n artikel en volledige
video oor die geleentheid
via
taalmuseum.co.za/artikels



Die ATM het Afrikaanse Taaldag 2026 op 14 Augustus gevier met 'n gratis paneelgesprek oor die druktradisie van Afrikaans.

Die publiek is verwelkom met 'n glas sjerrie en verversings waarna direkteur Michael Jonas die verrigtinge ingelei het. Volgens hom vorm dié tegnologie die geskiedkundige en kulturele ruggraat wat Afrikaans van 'n gesproke taal tot 'n volwaardige literêre, akademiese en mediataal opgebou het. "Van die eerste gedrukte Afrikaans in Genadendal, die Bo-Kaap en later die Paarl in die 1800's tot die moderne drukkuns weerspieël hierdie tradisie die veerkragtigheid en aanpassingsvermoë van die taal en haar sprekers.

Vanjaar is dit boonop 150 jaar sedert die eerste Afrikaanse koerant, die Afrikaanse Patriot, in 1876 in gedruk is, dus dit is die perfekte geleentheid om op hierdie geskiedenis te fokus." Die paneel het bestaan uit die joernaliste Rasaad Adams en Ilse Salzwedel, argivaris Geraldine Frieslaar (UWK), uitgewer Annie Olivier (Jonathan Ball) asook leksikograaf Phillip Louw (WAT) en is deur die ATM se kommunikasiehoof, Sybrandus Adema, gelei. Kwessies wat bespreek is, was die kommunikasie omwenteling waarin ons ons tans bevind, kunsmatige intelligensie, die toekoms van gedrukte media en boeke asook die uitdagings vir fisiese en digitale argiewe wat die institusionele geheue van Afrikaans en haar sprekers vorm.

Die publiek het ook die geleentheid gehad om 'n paar vrae aan die paneel te stel. Ná afloop van die verrigtinge kon almal heerlike sop en brood geniet asook wyn wat deur Perdeberg Wynkelder geborg is.

Mandeladag 2026: 'n Dag van lees, groei en hoop




Die ATM het in samewerking met die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON) en die Historium Trust op 31 Julie 2026 Mandeladag by Laerskool Rietenbosch in Stellenbosch gevier.

As deel van die dag se verrigtinge is die 'Laat Ons Lees'-program aangebied om 'n liefde vir lees en leer onder die graad 6- en graad 7-leerders aan te wakker. Daarna het 'n boomplantseremonie gevolg waartydens lewenslesse met die simboliek van boomplant verbind is, naamlik dat sterk wortels, volharding en goeie waardes die grondslag van 'n sielryke toekoms vorm. Ná afloop daarvan is die leerders en personeel bederf met verversings as 'n teken van waardering vir hul deelname en entoesiasme.

Die organiseerders spreek hul opregte dank uit aan Laerskool Rietenbosch vir die hartlike ontvangs. Ons sien uit daarna om hierdie vennootskap verder uit te bou en saam nog baie projekte aan te pak wat 'n positiewe verskil in jongmense se lewens sal maak. Soos die spreekwoord lui: "Wat ons vandag plant, sal môre skadu en hoop aan toekomstige geslagte bied."



Ferrari's net waar jy kyk!



Op 17 September het 20 brullende Ferrari-sportmotors besoek aan die Taalmonument afgelê. Scuderia Suid-Afrika is die amptelike handelaar vir Ferrari en het van hul kliënte uitgenooi vir 'n weeklange toer in die Wes-Kaap. Die geleentheid is by die Taalmonument afgesluit met aarbeie en sjampanje. Die publiek kan daarna uitsien om in die toekoms meer motorklubs by die monument te sien.



Dagdigkursus met Daniel Hugo



Die bekende skrywer Daniel Hugo het die afgelope Saterdag 'n uiters suksesvolle dagdigkursus by die Afrikaanse Taalmonument op Paarlberg aangebied. Dankie vir almal se deelname en bydraes!



AFSLAGPRYSE BY DIE MONUMENT

- Verjaar jy? Toon jou geldige SA ID vir gratis toegang!
- As jy die museum in die Paarl en die monument op Paarlberg op dieselfde dag besoek, kry jy 'n R10-afslag vir die tweede besoek. Hou jou kwitansies as bewys.
- Gratis vir Drakenstein-inwoners met geldige biblioteekkaartjies op die volgende gedenkdae: Internasionale Moedertaaldag 21 Feb, Menseregterdag 21 Mrt, Internasionale Dag vir Monumente en Terreine 18 Apr, Vryheidsdag 27 Apr, Werkersdag 1 Mei, Internasionale Museumdag 18 Mei, Afrikadag 25 Mei, Jeugdag 16 Jun, Vrouedag 9 Aug, Taaldag 14 Aug, Erfenisdag 24 Sep en Taalmonument se verjaarsdag 10 Okt.

WAARDEER DIE FASSINERENDE SIMBOLIEK BETER

- Gratis, begeleide tweetalige toere op woensdae; naweke en vakansiedae slegs as vooraf bespreek by ontvangs@taalmuseum.co.za vir 'n minimum van 20 persone.
- Gratis inligtingsbrosjures in 22 tale en gratis oudiotoere in Afrikaans, Xhosa, Engels, Frans, Nederlands en Duits beskikbaar. Daar is ook 'n braille-weergawe.

BEKOSTIGBARE PERMITTE

- **JAARPERMIT:** Slegs R120 vir individue en R220 vir 'n gesin van vier. Dit sluit onbeperkte toegang tot die museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanpieknieks in.
- **BERGFIETSRYPERMIT:** Gewone toegangsfooi per dag of jaarpermit van R220 per persoon. Laasgenoemde sluit onbeperkte toegang tot bergafbane, museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanpieknieks in.
- **STAPPERMIT:** Gewone toegangsfooi en R20-deposito vir sleutel.

Volg die ATM se webtuiste en sosiale media of teken in op hul nuusbriëf om op hoogte te bly van alle geleenthede.

facebook.com/afrikaansetaalmonument
instagram.com/taalmonument
whatsapp.com/channel/0029VazPoESId7nUsOYdJD28

taalmuseum.co.za/kontak-ons/#nuusbriëf

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM**
PASTORIELAAN, PAARL

**DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

Gevorderde Fotografiëkursus

met Peter Haarhoff

Stersirkels

Advanced
photography
course

17 Oktober 2026
16:00-22:00
Taalmonument
R595 Sluit teorie, prakties, verversings & sertifikaat in

taalmuseum.co.za/wat-gebeur
kommunikasie@taalmuseum.co.za
076 017 6026
021 872 0543

Navrae & besprekings

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM**
PASTORIELAAN, PAARL

**DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

VITAAAL

MAKIETIE

MAKIETIE 9+10 OKT

9 OKTOBER 2026
KOORFEES
18:00-20:00 | AMFITEATER

10 OKTOBER 2026
JAARFEES
07:00-20:00 | TAALMONUMENT

Sielstrelende Joga
5km - Gesinswandeltog
10km - Avontuurstap
Stalletjies met spys en drank en...
Kindervermaak en -aktiwiteite
Van jou trollie af?!-kaskarrenne
Volwasse vermaak

Skoolkoorsang vir die fynproewer
Stalletjies vir die honger en dors

9 OKT VOLW: R120
KIND: R80

10 OKT VOLW: R150
KIND: R100

9 & 10 OKT VOLW: R250
KIND: R100

Kaartjies Quicket.co.za | kommunikasie@taalmuseum.co.za | 021 863 0453 | 076 017 6026

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM**
PASTORIELAAN, PAARL

**DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

INHEEMSE PLANTE werkswinkel

24 Okt '26 | 10:00-14:00 | Taalmonument

Wat om te verwag | What to expect

- Kruidpraatjie | Herb talk
- Sensoriese demonstrasie
- Kruid-erfenis | Herbal heritage
- Medisinale gebruike | Medicinal uses
- Maak van kruiesalf - demonstrasie

met RUPERT KOOPMAN,
fynbosbotanikus & toergids

TE KOOP: fynbosgin, -vodka en -rum, witblits, plaasbrode, kruie asook heuningbostee

Slegs R300
Navrae & besprekings

taalmuseum.co.za/wat-gebeur
kommunikasie@taalmuseum.co.za
076 017 6026
021 872 0543

Western Cape
Government
FOR YOU

GENADENDAL

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM**
PASTORIELAAN, PAARL

**DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

2026

24 Okt - Walvismaan
27 Nov - Melkmaan

2027

22 Jan - Bidsprinkaanmaan
20 Feb - Dassiemaan
20 Mrt - Oesmaan

Volmaanpieknieks

Bring 'n piekniekmandjie en ervaar die
volmaan in volle glorie!

Full moon picnics

R40 | R10 | gratis | 17:00

Quicket.co.za
EXPERIENCE AWESOME

021 863 0543 | 076 017 6026 (WA)
taalmonument.co.za | cfah.org.za/fullmoon
kommunikasie@taalmuseum.co.za

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
kultuur, natuur, plesier PAARL

Sterrekykpieknieks

Stargazing picnics

2026

12 DESEMBER (47 TUCANAE)

2027

8 JANUARIE (SEWE SUSTERS)
6 FEBRUARIE (ORION)
6 MAART (JUPITER)

17:00 - 22:00
Kaartjies R60 | R20 | GRATIS

Quicket.co.za
EXPERIENCE AWESOME

Bring 'n piekniekmandjie en laat die
die sterreheem jou oorrampel!

Bring a picnic and soak in the night sky!

kommunikasie@taalmuseum.co.za
021 872 3441 | 076 017 6026 (WA)
taalmuseum.co.za/wat-gebeur

OOG

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM**
PASTORIELAAN, PAARL

**DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

In Nag onder die sterre

51^{STE} BESTAANSJAAR DANS

"Want elke ster vertel 'n verhaal"

SATERDAG 7 NOVEMBER 2026
PAARL-STADSAAL 18:00
R200 PER PERSOON
R2 000 PER TAFEL VAN 10
SLUIT LIGTE VERVERSINGS IN!

KAARTJIES: RODENE WILLIAMS 021 863 0543 ADMIN@TAALMUSEUM.CO.ZA 076 017 6026 (WA)